## LE ROUX TERUG OP HEELAGTER TEEN TONGA

# ‘Voorspelers doen al die harde werk’

**Hendrik Cronjé**

Die voorspelers dra die klavier en die agterspelers bespeel hom net.

Om dié rede weier die beskeie Springbok-heelagter Willie le Roux om al die krediet te aanvaar vir sy balverspreiding waarmee hy deur die jare al talle drieë vir sy spanmaats op toetsvlak geskep het.

“Die voorspelers doen die harde werk; ons agterspelers kan dit dan net afrond,” sê Le Roux.

Hy gee ook nie om of hy in die beginspan is, op die bank sit of selfs waterdraer is wanneer die Bokke besluit om ’n 7/1-plaasvervangersbank te kies nie.

Sondag in Marseille is hy wel die heelagter in die opdrafspan vir die Wêreldbeker-kragmeting met Tonga in die Stade de Marseille.

“Ek is hier om die span soveel moontlik te help wen, maak nie saak of ek die waterdraer is wat soveel inligting moontlik moet deurgee nie.

“As jy speel, voel dit wel asof jy ’n groter bydrae kan lewer.”

Dié oudleerling van Paul Roos Gimnasium speel Sondag in sy 90ste toets sedert hy op 8 Junie 2013 op 23-jarige ouderdom sy toetsbuiging op heelagter teen Italië in Durban gemaak het.

Die stryd teen Tonga is Le Roux se 75ste as die beginspanheelagter. Net Percy Montgomery het die Bokke se nr. 15-trui in meer toetse, 80, as Le Roux gedra.

Le Roux speel vanjaar in sy derde WB-toernooi. Hy sê hy en sy spanmaats kry ongelooflike goeie ondersteuning in vanjaar se toernooi.

Hulle het ook kennis geneem van hoeveel ondersteuners met Speedo’s met die Suid-Afrikaanse vlag daarop by Bok-toetse opdaag, wat sover in warm speeltoestande plaasgevind het.

Sy spanmaat Faf de Klerk het dié swembroekies gewild gemaak toe hy een in die kleedkamer gedra het nadat die Bokke in die eindstryd van 2019 se Wêreldbeker-toernooi in Jokohama met Engeland afgereken het.



**Willie le Roux sê die kanse wat hy vir sy spanmaats skep om drieë te druk is aan die voorspelers se harde werk te danke.** Foto: GALLO IMAGES

Verskeie Bok- en rugbyondersteuners het intussen vir hulle daarvan aangeskaf.

Die Bokke word ná toetse in vanjaar se WB selfs deur ondersteuners gevra om hul Speedo’s te teken.

Le Roux glimlag breed oor dié modegier.

Oor of hy self een sal dra, sê Le Roux: “Ek is ’n ou man. Ek dra nie daardie goed nie.”

Op ’n ernstiger noot sê die 34-jarige Le Roux hul aandag is nou net op Sondag se belangrike groepwedstryd teen Tonga gerig.

Le Roux verwag ’n taai kragmeting. “Dit is uitkloprugby hierdie naweek vir ons. Tonga gaan ’n wrede wedstryd wees – hulle het ’n paar groot manne.

“Maar ons het ons planne. Ons moet daarby hou en dit so goed as moontlik uitvoer.”

Die ervaring wat die Bokke in 2019 se WB opgedoen het deur ’n groepwedstryd teen Nieu-Seeland te verloor, waarna hulle voortgegaan het om die toernooi te wen, sal Suid-Afrika nou volgens Le Roux nuttig te pas kom ná die nederlaag van 8-13 teen Ierland.

“Dit help beslis. Dis nou uitkloprugby vir ons. Jy kan nou nie meer enige wedstryd verloor nie, anders gaan jy huis toe. Ons almal is op dieselfde golflengte.”

Le Roux verwag dat sy jare lange spanmaat Handré Pollard teen Tonga maklik sy voete op toetsvlak sal vind. Sy laaste toets was in Augustus verlede jaar.

Pollard is ná ’n lang afwesigheid weens onder meer ’n kuitbesering weer Sondag die beginspan-losskakel teen Tonga.

“Hy het baie ervaring. Dis lekker om hom terug te hê,” sê hy.

Volgens Le Roux hou Manie Libbok, wat Pollard se adjudant teen Tonga is, se spel ’n klomp positiewe aspekte in. Dermate dat Libbok se wisselvallige stelskopwerk nie vir hom problematies is nie.

“Ek kyk net wat Manie op die veld vir ons doen. Op die aanval. Hoe hy ruimte skep vir ouens. Die dwarsskoppe. Die lang aangeë wat tot drieë lei,” sê hy.

## 8 000 mense kyk hoe Springbokke oefen in Toulon

**Hendrik Cronjé**

Sowat 8 000 toeskouers het gister die Springbokke se oefening in die Stade Mayol, Toulon se rugbystadion naby die hawe, bygewoon.

Onder die toeskouers was die voormalige Bokke Schalk Burger, Hanyani Shimange en Jean de Villiers. Hul kinders was saam met hulle by die oefening.

Verskeie van die spelers en die afrigters se vroue en kinders was ook in die skare.

’n Groot aantal toeskouers was jong kinders wat die Bokke met Suid-Afrikaanse vlaggies toegejuig het.

Cheslin Kolbe, wat sy klubrugby vroeër vir die Franse klubspan Toulon gespeel het, was een van hul groot gunstelinge. Elke keer as hy aan die bal geraak het, kon jy hoor hoe die skare die volume opdraai.

Die publiek en media is toegelaat om die volle duur van die oefening by te woon. Die media word gebruiklik net vir 15 minute by oefeninge toegelaat en daar is geen toegang vir die algemene publiek nie.

Die Bokke het die oefening begin met die voor- en agterspelers wat aanvanklik op hul eie geoefen het.

Felix Jones, Mzwandile Stick (albei hulpafrigters) en Jacques Nienaber (hoofafrigter) het met die agterspelers gewerk. Daar is ook nogal aandag aan die agterlyn se taktiese skopwerk en bewegings gegee.

Die groot senter André Esterhuizen het verbaas met die lengte en akkuraatheid wat hy met sy skoppe gekry het.



**Opgewonde kinders hou gister die Springbokke se sessie op die oefenveld in Toulon dop.** Foto: HENDRIK CRONJÉ

Deon Davids, Daan Human (hulpafrigters) en Rassie Erasmus (direkteur van rugby) het soms hand bygesit toe die voorspelers aan die oorkant van die veld aan hul rolmale, lynstane en skrums geskaaf het.

Later in die oefening het Erasmus die fluitjie gedra toe die span, wat Sondag in ’n Wêreldbeker-groepwedstryd teen Tonga in Marseille speel, in ’n nabootsing van ’n wedstryd teen die ander span geoefen het.

Nienaber het agter die span gestaan wat teen Tonga speel en bevele aan die spelers uitgeroep.

Jones het op sy beurt weer agter die ander span gestaan en vir daardie spelers raad gegee.

Die oefening het sowat twee uur in heerlike somerweer aangehou voordat die Bokke na hul hotel teruggekeer het.

■ Die Bokke het intussen bevestig dat hulle kapteinsoefening môre in die Stade de Marseille plaasvind. Voor die toets teen Skotland en einde verlede jaar s’n teen Frankryk, wat albei in Marseille plaasgevind het, het die Bokke hul kapteinsoefening in Toulon gehou. Marseille is padlangs sowat 65 km noordwes van Toulon.


## Taiwan bou duikboot vir stryd met China

Taiwan het gister sy eerste plaaslik vervaardigde duikboot onthul in ’n stap om sy verdediging teen die Chinese vloot te versterk.

China maak daarop aanspraak dat Taiwan deel is van sy grondgebied en daar is byna daagliks militêre oefeninge waardeur hy sy soewereiniteit wil bevestig.

Die *Narwhal* sal in 2025 in diens gestel word en is Taiwan se derde duikboot, saam met die twee wat hy in die 1980’s van Nederland aangekoop het. Dis deel van ’n projek om Taiwan se gewapende magte te moderniseer wat pres. Tsai Ing-wen van stapel gestuur het toe sy in 2016 president geword het.

Tsai het gister die *Narwhal*, die eerste van agt nuwe duikbote, in die suidelike hawestad Kaohsioeng vir die media gewys. “Dis in die verlede as onmoontlik beskou om ’n duikboot plaaslik te vervaardig, maar vandag staan hier ’n duikboot wat deur ons land se mense ontwerp en vervaardig is,” het Tsai gesê.



**Taiwan het gister sy eerste plaaslik vervaardigde duikboot onthul.** Foto: REUTERS

Sy het bygevoeg dit sal ’n belangrike rol speel om die vloot se vermoë te verbeter en is ’n nodige stap sodat nasionale verdedigingsbeleid gedy.

China se ministerie van verdediging het op ’n mediakonferensie gesê Taiwan “oorskat homself en probeer iets onmoontlik”. **– Reuters**


BOSTON CID

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering**

**Die Boston CID NPC gaan ’n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na ’n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2024/2025.**

**Datum : 26 Oktober 2023**
**Tyd : 18:30**
**Plek : Vredelust NG Kerk 87 13de Laan, Boston**

**Net bona fide-lede van die BostonCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van nieresidensiële en/of residensiële eiendom in die BostonCID se gebied, maar hulle moet voor 19 Oktober 2023 registreer.**

**’n Spesiale resolusie word vereis vir die wysiging van die nuwe akte van oprigting (MOI) soos beoog in artikel 16(5)(a) van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008.**

**Vir meer inligting, dokumentasie en hoe om te registreer, gaan na - www.bostoncid.co.za , stuur ‘n epos aan secretary@bostoncid.co.za of skakel 0761976816**

X1XVQ3J9-DB290923


## ‘Albus Dumbledore’ (82) dood nadat hy longontsteking kry

Die Ierse akteur Michael Gambon (82) is gister oorlede.

Gambon het veral bekendheid verwerf met sy rolle in *The Singing Detective* en *Harry Potter*.

Sy vrou, Anne Gambon, en seun, Fergus, het gister ’n verklaring uitgereik om sy dood te bevestig.

“Ons is verpletter oor sy dood. Hy was ’n geliefde man en pa gewees,” lui die verklaring.



**Michael Gambon in die rol van Albus Dumbledore in die *Harry Potter*-flieks.**

Gambon het die rol van Albus Dumbledore in die *Harry Potter*-fliekreeks vertolk.

*The Guardian* berig Gambon is in die hospitaal opgeneem nadat hy longontsteking opgedoen het.

Die familie het gevra dat hulle privaatheid gegun word om oor hul verlies te rou.

CNN berig Gambon was ’n veelsydige kunstenaar wat ook radiowerk gedoen het.

Hy is in Dublin gebore, maar het as kind na Londen verhuis. Gambon het buite die rolprentbedryf ’n liefde vir vuurwapens, horlosies en klassieke motors gehad. Gambon het homself as ’n versamelaar beskryf.

Hy het sy debuut op die verhoog in 1962 met die gewilde produksie *Othello* gemaak. Hier het hy die oog van Laurence Olivier gevang en Olivier het Gambon se deurbraak bewerkstellig.

Sy medeakteurs onthou hom vir sy passie vir sy werk, maar ook vir sy humorsin.

Die *Daily Mail* berig Rupert Grint, wat die rol van Ron in *Harry Potter* vertolk het, sê Gambon het gehelp om ’n “warmte” op stel te skep. “Dis so hartseer. Hy het my as kind gefassineer en was ’n rolmodel vir my.”

## Springsteen stel konserte uit weens sy gesondheid

Die sanger Bruce Springsteen het al sy konserte wat vanjaar nog sou plaasvind tot volgende jaar uitgestel.

Hoewel Springsteen in ’n verklaring op X sê hy is op die herstelpad met sy gesondheid, sal hy op aanbeveling van sy dokters die res van die jaar aan behandeling wy.

Vroeër die maand het die 74-jarige Springsteen, of The Boss, ’n bynaam wat hy vroeg in sy musiekloopbaan in die 1970’s gekry het, agt van sy konserte onbepaald uitgestel terwyl hy behandeling vir maagsere ontvang.

Luidens die verklaring is Springsteen se toestand bestendig, maar daar word met groot omsigtigheid opgetree en daarom is die konserte uitgestel. Nuwe datums vir die konserte sal na verwagting volgende week aangekondig word.

Springsteen het sy inskrywing afgesluit deur sy vriende en aanhangers te bedank vir hul goeie wense en ondersteuning.


**ADVERTENSIE | IMMUNADUE**

## *Immunadue Brain Food is ’n slim keuse vir kognitiewe gesondheid*

Almal is bewus van die belangrikheid van ’n gesonde liggaam, maar wat van ’n gesonde brein? Immunadue Brain Food is ’n produk wat spesifiek ontwerp is om jou kognitiewe gesondheid te ondersteun en te bevorder.

Een van die sleutelbestanddele van Immunadue Brain Food is fosfotildiserien, ’n natuurlike fosfolipied wat bekend is vir sy kragtige breinvoordele. Dit het ’n positiewe invloed op geheue, konsentrasie en kognitiewe funksie. Met Immunadue Brain Food kan jy jou brein met die nodige voeding ondersteun om optimaal te presteer.

Daarbenewens bevat Immunadue Brain Food ook ashwagandha, rhodiala rosea en ginkgo biloba, wat bekend is vir hul breinondersteunende eienskappe.




**Kry vandag nog jou Immunadue Brain Food, want dit kan jou brein ’n hupstoot gee.**

Een van die groot voordele van Immunadue Brain Food is dat dit maklik in jou daaglikse dieet ingesluit kan word. Drie kapsules per dag is al wat jy benodig!

In ’n wêreld waar jou brein voortdurend aan uitdagings en stres blootgestel word, is Immunadue Brain Food ’n welkome aanvulling tot jou gesondheidsroetine. Dit kan jou help om skerp en gefokus te bly, selfs te midde van die mees veeleisende situasies.

Kies Immunadue Brain Food vir ’n helderder en skerper brein. Jou kognitiewe gesondheid verdien die beste sorg, en Immunadue Brain Food is die antwoord. Kry dit sommer vandag nog by jou naaste apteek, Dis-Chem, Clicks of aanlyn by Takealot.

Skakel Immunadue se kantore by 012 546 8937 vir meer inligting.



